

Maandag 18 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20; HK Sondag 18, Antwoord 47

Fokusgedeelte: Matteus 28:20

“Ek is by julle al die dae ...”

By die hemelvaart van Christus ontstaan daar skynbaar ’n probleem. Dat Hy opgevaar het na die hemel, is duidelik. Hoe moet ons dit egter verstaan dat Hy aan sy dissipels as verteenwoordigers van sy kerk sê dat Hy by hulle is al die dae tot die voleinding van die wêreld?

Ons belydenis het die getuienis van die Skrif in hierdie verband op kostelike wyse saamgevat deur te sê: *Na sy menslike natuur is Christus nie meer by ons nie, maar na sy Godheid, majesteit, genade en Gees gaan Hy nooit meer van ons af weg nie. Na sy menslike natuur is Hy in die hemel, maar na sy goddelike natuur is Hy alomteenwoordig. Daarom is Hy na sy goddelike natuur sowel in die hemel as by ons* (vgl. ook HK v/a 48.).

Reeds in die Ou Bedeling het God aan sy kinders die versekering gegee dat Hy altyd by hulle sal wees. Hy het dit gedoen op grond van die soenverdienste wat Christus nog sou bewerk. Dink maar aan uitsprake soos die volgende: Die Here het aan Gideon gesê: “Ek is by jou, en jy sal die Midianiete verslaan asof hulle nie meer as een is nie” (Rigt. 6:16). By monde van Jesaja (43:2, 5) sê die Here aan sy volk in ballingskap: “As jy deur water moet gaan, is Ek by jou ... Moenie bang wees nie, Ek is by jou.” Toe het Christus gekom en op grond van die soenverdienste wat Hy vir ons bewerk het, kan Hy aan ons die versekering gee dat Hy by ons is “al die dae”, elke dag van ons lewe, “tot die voleinding van die wêreld” (Matt. 28:20). Hy is by ons van die begin tot die einde van elke blye of smartlike dag. Of ons nou staan by ’n huwelik, by ’n pasgebore kindjie, by ’n siekbed, by ’n sterfbed – Christus staan saam met ons daar. Ook: As Christus by ons is, is Hy nie maar net daar as toeskouer nie, maar as Helper. Die woord wat in Johannes 14:16 die Heilige Gees as Trooster of Voorspraak aandui, beteken eintlik Helper – in die wydste sin van die woord (vgl. ook Ps. 118:7; Heb. 13:6). So is Christus deur sy Gees by ons.

Ek hoef nie bang te wees dat Christus môre sal vergeet om by ons te wees nie. Daarom hoef ek ook nie te vrees vir die probleme van môre of oormôre nie. Die probleme mag daar wees; ons hoef dit nie te verdoesel of weg te redeneer nie. Christus sal egter ook daarin by my wees, en daarom sal ek daardeur kom. Na sy goddelike natuur gaan Christus nooit weer van ons af weg nie, selfs nie aan die einde van die wêreld as die vyandskap teen die kerk soos ’n vuur sal brand en daar weer ’n nuwe martelaarsboek geskryf sal word nie.